# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 8, AUG. 1999


*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Kennis geneem*
1 **Skrifoordenking**
*Lewe in die dooie moederskoot*
Ds GJ Meijer
3 **Fokus**
*Die ouderling as evangelis?*
Ds ALA Buys
4 **Op die kerkerf**
*Die Goddelike skrif*
Dr JG Meijer
8 **Mediese etiek**
*Die maatskaplike werklikheid en Salomo se wysheid*
Dr JM Boon
10 **Aktueel**
*Gesag in die krisis (I)*
Prof B Holwerda
11 **Persskou**
• *Gereformeerde spiritualiteit*
• *Sending en verbond*
• *Selfstandige Skriflesing tydens die erediens*
Ds GJ Meijer


**REDAKSIONEEL**

# KENNIS GENEEM

'n Kerkraad, klassis of sinode ontvang 'n beswaarskrif. Die antwoord wat party beswaardes ontvang, lui: 'Ons het van u beswaar kennis geneem'. In 'n enkele geval gaan die antwoord met 'n afkeurende kopknik gepaard: 'Die vergadering neem kennis sonder om die oortuiging van beswaardes vir sy rekening te neem'. Kennis geneem. Punt. Uit.

Hierdie soort 'kennisname' laat 'n mens dink aan die prent van die drie apies. Een druk sy hande op sy ore. Die tweede een bedek sy oë, terwyl nommer drie sy hande voor sy mond hou. Die drietal verduidelik: Ons hoor niks, ons sien niks en ons sê niks. Ons sê: 'Ons neem kennis'. Ons bedoel: Ons wil nie eers kennis neem nie. Ons maak asof die besware nie bestaan nie. Word ons gekonfronteer? Dan tree ons, ooreenkomstig die aksies van drie ape, soos een volstruis op. Ons steek die kop in die sand om probleme nie te hoor, te sien of daaroor te praat nie.

Wat is die gevolge van kennisname sonder om werklik kennis te neem?

Eerstens word die beswaarde broeder, suster of kerklike vergadering nie aangehoor en uitgehoor nie; ook nie beantwoord nie. Gevolglik bly die beswaar teen kerklike besluite of handelinge voortbestaan. Eensgesindheid in die liggaam van Christus kwyn en verdwyn. Tweedens word reformatoriese aksie wat beswaardes beoog, belemmer. En derdens word dwaling wat in 'n beswaarskrif gepropageer word, nie betyds onderken en afgewys nie. Waar reformasie verhinder word, kry die kwaad van deformasie die geleentheid om onverhinderd in die kerk verder te woeker.

Die kenmerk van die ware kerk is die voortdurende onderwerping aan die Woord en die verwerping van alles wat daarmee in stryd is. So bely ons in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Om aan dié kenmerk te voldoen is werklike kennisname en skriftuurlike afhandeling van sake deur ons kerklike vergaderings 'n vereiste.

Ons betuig ons meelewing met prof. JC Coetzee, een van ons medewerkers, weens die afsterwe van sy vrou. Mag ons troue Verbondsgod sy ryke troos aan die Coetzee-familie gee.

---

**SKRIFOORDENKING**

# Lewe in die dooie moederskoot


**Ds GJ Meijer,**
Wonderboompoort


Hebreërs 11:11

***Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.***

"Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word." Dit is woorde wat 'n mens eintlik verbaas. Want ís dit so dat Sara se hantering en belewing van haar kinderloosheid van diepgewortelde geloof getuig? In Genesis 15 word vertel hoe God met Abraham sy verbond gesluit het. Een van die verbondsbeloftes was dat Abraham se nageslag die land Kanaän sal beërf. Hieroor was Abraham verbaas. Sy onmiddellike reaksie is: "Here, aan my het U geen nageslag gegee nie; my bediende sal my erfgenaam wees" (15:2). Die Here het Abraham geantwoord: "jou bediende sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam voortkom sal jou erfgenaam wees". Toe het die Here vir Abraham uitgevat die donker nag in. Hy het vir hom die sterre aan die hemel laat sien en beduie: "So sal jou nageslag wees". En Abraham het in die Here geglo.

Maar Sara, sy vrou, het anders oor die saak gedink. Sy het vir Abraham gesê dat die Here haar nie toegelaat het om moeder te word nie (Genesis 16:2). Toe raai sy vir Abraham aan om by Hagar, haar Egiptiese slavin, in te gaan. Miskien - so dink Sara - sal daar uit die slavin 'n nageslag gebou word (16:2). Abraham het na sy vrou Sara geluister. Hy het by Hagar ingegaan, en sy het swanger geword. Toe Abraham 86 jaar oud was, is Ismael gebore.

Maar Ismael was nie die erfgenaam wat die Here vir Abraham belowe het nie. Dit word dertien jaar later duidelik as die Here weer oor dieselfde saak aan Abraham verskyn. Toe Abraham 99 jaar oud was sê die Here vir hom: "Ek sal Sara seën en vir jou uit haar ook 'n seun gee. Ek sal haar seën, sodat sy tot nasies sal word. Konings van volke sal uit haar

voortkom". Toe Abraham dit hoor, val hy op sy aangesig. Hy eerbiedig die Here en kniel voor Hom neer. Maar in sy hart het hy gelag en gesê: "Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word? Kan Sara, wat negentig jaar oud is, nog geboorte skenk?"

Op vyf-en-tagtig jarige leeftyd het Abraham nog geglo dat daar 'n nageslag uit hom verwek kan word. Maar nou, dertien jaar later, nou lag hy. Nou betwyfel hy die moontlikheid van dit wat die Here belowe. En Sara lag saam met hom. Toe die Here by 'n volgende geleentheid aan Abraham verskyn, staan Sara by die ingang van die tent en luister. Sy hoor alles wat die Here vir Abraham sê. Sy hoor die belofte van die Here: "Ek sal oor 'n jaar sekerlik weer na jou toe kom - dan sal jou vrou Sara 'n seun hê". En sy lag oor die belofte. Geen lag van blydskap en vreugde en opwinding nie, maar 'n spotlag, 'n ongeloofs-lag. Hoe kan die Here so-iets belowe? Is sy dan nie gans te oud om swanger te word nie? Was sy nie bowendien haar lewe lank onvrugbaar nie?

Die Here het Sara se spotlag gehoor. Hy konfronteer haar daaroor. Sara skrik groot. Sy ontken selfs dat sy gelag het, want sy was bang. Op hierdie somber noot stop die beskrywing van Sara se ongeloof in die boek Genesis.

En nou sê die Hebreërskrywer: "deur geloof het Sara Hom getrou geag wat dit beloof het". Weerspreek die Hebreërskrywer die feite soos ons dit in Genesis lees? Is daar op hierdie punt 'n teenstrydigheid in die Bybel? Nee, dit is onmoontlik. Die Heilige Gees het alle Bybelskrywers geïnspireer. Die Gees weerspreek Homself nie. Wat hier ter sprake is, is dat die Hebreërskrywer voortgaan op die plek waar Genesis gestop het. Genesis teken Sara in haar absolute twyfel. Dit wat die Here belowe kan nie gebeur nie. Hebreërs 11 teken Sara in die krag van haar geloof. Sy het bevrug geword, en toe sy ver oor die leeftyd was het sy aan 'n kind geboorte geskenk.

Dit beteken dat daar iets ingrypends met Sara gebeur het waarvan Genesis geen melding maak nie. Maar uit Hebreërs weet ons baie goed wat met Sara gebeur het. In enkele woorde word vertel dat die Here vir Sara tot geloof gebring het. Die spotlag het uit haar hart verdwyn toe die Here vir haar vra of daar iets is wat vir Hom te wonderbaar sou wees. Die Here breek Sara se hart oop sodat ongeloof plek maak vir geloof. Sara leer om die HERE wat beloftes maak, getrou te ag. Al die twyfel van die verlede, al die opstandigheid omdat die Here haar moerderskoot gesluit het, al die menslike planne wat Sara beraam om vir Abraham op haar manier 'n nageslag te besorg - dit word alles tot niet gemaak deur die geloof. Deur die geloof kom Sara tot die erkenning dat God almagtig is. God kan lewe uit die dood gebied.

Van sulke geloof moet die kerk van die Here Jesus Christus deur alle tye vol word. Want dit is eg menslik om teen die berge in die lewe vas te kyk en te sê: hierdie berg kan nie geroer word nie. Dan verhef 'n mens sekere situasies in die lewe tot feite waarmee kwansuis nie verder gewerk kan word nie. Binne die mure van die kerk gebeur dit. Dan word daar besin oor die negatiewe houding wat sekere mense jeens die kerk van die Here inneem. Daar word gepraat: mooi gepraat, hard gepraat, baie gepraat; ook gebid. En dan kan 'n mens tot die slotsom kom: praat help nie, dit kan niks verander nie.

Of ons besin oor 'n bepaalde opdrag wat die Here vir ons gee wat ons saam in die geloof moet uitvoer, byvoorbeeld die sendingopdrag. Dan kan 'n mens in jou hart tot die menslike gedagte kom dat dit nie baat om onder die heidene te gaan sendingwerk verrig nie. Wat gaan daar buitendien verander? Hoe sal 'n kultuur gekersten word wat al vir duisende jare 'n goddelose lewenstyl handhaaf?

En soos wat daar binne die kerkmure gedink word, word daar dikwels ook buite die kerkmure gedink. As 'n man en 'n vrou in hulle huwelik 'n dooie punt bereik het, hoe sal daar ooit weer liefde en lewe in so 'n huwelik kom? As familie- en vriendskapsbande deur onsmaaklike voorvalle gebreek is, hoe sal dit weer gesmee word? As finansiële omstandighede jou keel toetrek, hoe sal jy weer op jou voete kom? As ernstige siekte jou aan die bed vaskluister, hoe sal jy weer jou werk kan doen?

Dan help dit nie om te sê: toe maar, alles sal regkom nie. Mooi praatjies maak niks reg wat krom en skeef is nie. Dit bring geen lewe waar dood is nie. Inteendeel, dit maak alles net erger.

Wat dan? Dan let ons op die geloof wat die Here in Sara gewerk het. Sy het aanvanklik in ongeloof gelag en gespot. Sy het die Here se beloftes nie geglo nie. Totdat sy voor die feite gestel is: "sou iets vir die Here te wonderbaar wees"? Kan Hy nie haar dooie moederskoot tot lewe bring nie? Net so: kan die Here nie 'n negatiewe mens tot positiwiteit bekeer nie? Kan Hy nie 'n godlose kultuur tot Godsvrees lei nie? Kan Hy nie lewe in 'n dooie huwelik bewerk nie? Kan Hy nie die breuke in families en vriendekringe herstel nie? Kan Hy nie die wurggreep van die ekonomie verslap nie - vir sy kinders ten goede? Kan Hy nie 'n einde aan 'n siekbed maak nie?

Sou iets vir die Here onse God te wonderbaar wees? Maar ons sing dan in Psalm 68: Geloofd sy God met diep ontsag, want Hy oorlaai ons dag aan dag met ryke seëninge. Hy versterk ons in die dag van stryd en dra ons deur die lewe. Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gewe.

Die vraag is nie of God kan nie. Hy kan beslis. Die vraag is: vertrou ons Hom daarin? Neem ons sy beloftes ernstig op? Is ons werklik vol diep ontsag vir sy almag? Of reken ons by voorbaat dat daar geen nuwe lewe kan kom waar daar reeds dood ingetree het nie?

Bid vir vertroue in God. Vra die Here om in geloof verby die dooie punt te kan kyk. Dan is dit nie langer 'n kwessie óf ons die berge gaan beweeg nie. In geloof sál ons hulle versit. Daartoe sal God vir ons die vermoëns gee.


*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 60 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za

FOKUS

# DIE OUDERLING AS EVANGELIS?

**Ds ALA Buys,**
Piet Retief

Daar is al gesê dat Calvyn die pous skaakmat gesit het met die (her)ontdekking en funksionering van die ouderling-amp. Dit was ook een van die redes vir die ruggraat wat die gereformeerde kerk ontwikkel het - sterk ouderlinge. Die ouderling beloof by sy ampsaanvaarding om nougeset oor onder meer die leer in die kerk te waak. Die vraag ontstaan egter of die huidige bediening van die ouderling-amp in die GKSA nie te veel oorleun na net instandhouding van die bestaande kerk nie. Hoeveel klem lê die gemiddelde gereformeerde ouderling op die uitbreiding van die evangelie en die getalle-uitbreiding van die plaaslike kerk?

## Wat van die heiden?

In die bevestigingsformulier vir ouderlinge lees ons by punt 4: "U moet ook die afvalliges en *heidene tot bekering* en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk". By die afvalliges kom die meeste ouderlinge, al is dit deur 'n kommissie saam met die predikant, nog uit. Maar dit lyk nie aldag of die heidene tot geloof in Christus geroep word nie. In elk geval nie as intergale deel van die ouderling se ampswerk nie.

Hoeveel kerkrade is daar wat tydens kerkraadsvergaderings die ouderlinge laat verslag doen oor hulle planmatige, sistemiese aanpak van evangelisasie onder die heidene? Ons laat hier die moeilike en soms onnodige onderskeid tussen sending en evangelisasie buite bespreking en aanvaar net eers dat iemand in die kerk die werk van 'n evangelis moet doen.

## Aparte gawe

Paulus bemoedig sy jong leerling Timoteus: "doen die werk van 'n evangelis" [1]. In Efesiërs kom die gawe van evangelis-wees voor in onderskeiding van ander gawes soos apostels, profete en herder en leraars[2].

Die vraag ontstaan nou: Maak die Gereformeerde Kerke genoeg van die *aparte* gawe van evangelis-wees? Indien 'n konsulent die vraag aan 'n kerkraad sou stel of dié kerkraad en gemeente wel verantwoordelik is vir evangelisasie, sou min, indien enige, lidmate beweer dat evangelisasie nie die kerk se werk is nie. Vra jy egter of die lidmate met 'n evangelisasie-gawe in die gemeente herken word en hoe hulle gawes aangewend moet word, is die antwoorde nie so duidelik nie. Die vraag word dalk nie eers verstaan nie.

Die punt is eenvoudig dit: almal erken dat evangelisasie gedoen moet word. Daar sal selfs 'n kommissie daarvoor wees, moontlik kursusse aangebied en bygewoon word - sonder om te vra of almal in die gemeente werklik die evangelis-gawe het of moet hê.

Natuurlik moet elke lidmaat as profeet en priester-koning van sy Here getuig, maar dit beteken nie dat almal die gawe van evangelis het, wat spesifiek tot die heiden die goeie boodskap bring nie. Die woord "evangelis" dra onder meer die konnotasie van iemand wat die evangelie van Christus vir die eerste keer vir iemand aankondig[3].

Dalk word in party plaaslike kerke nie aan die evangelis-gawe sy onderskeie, afgebakende plek en funksionering gegee nie. Dit lei daartoe dat:

- die evangelis-gawe half verdoeseld by die leer-ouderling-amp ingevoeg word,
- of dat die dominee op 'n tref en trap manier 'n heiden tussen al sy ander verpligtinge evangeliseer,
- of dat die evangelis-werk by die regeer-ouderling se bevestigingsformulier ingeskryf staan, maar dooie letters bly, aangesien die regeer-ouderling óf nie die gawe van evangelisasie het nie óf onwillig is om dit te gebruik, óf onkundig is oor die aanwending van die gawe.

## Getallegroei bly uit

Bogenoemde is moontlik slegs die oortjies van die seekoei oor waarom die gereformeerde kerk - al is dit nou bietjie te veralgemeend gestel - nie juis uitblink in getallegroei nie. Kerke is deurgaans meer ingestel om die gehalte van die geloof van die lidmate wat reeds glo, te verdiep. Tog kan geloofsgroei en getallegroei nie teen mekaar afgespeel word nie. Die leer- en regeer-ouderlinge doen onskatbare waardevolle werk in die gereformeerde kerke om die geloofskwaliteit te verbeter. Maar dit is maar net een kant van die munt. Die kole in die vuur moet nie net warm geblaas word nie. Daar moet nuwe kole aangesteek word. Dit gebeur tans nie genoeg by ons nie - nie op 'n georganiseerde planmatige wyse nie.

## Selfondersoek

Dit lyk profytlik om die volgende vrae te stel:

- As die gawe van evangelis-wees[4] 'n aparte, onderskeie gawe is, hoe moet die aanwending daarvan in die plaaslike gemeente lyk?
- Is dit so dat elke regeer-ouderling noodwendig die evangelis-gawe as voorvereiste moet hê om as ouderling te dien? As dit so is, waarom

[1] 2 Tim 4:5.
[2] Ef 4:11.
[3] Vgl. Louw en Nida. *Greek-English Lexicon* 1, p.542.
[4] Hand 21:8; Ef 4:11, 2 Tim 4:5.

word ouderlinge dan bevestig wat nog nie bewys van aanwending van daardie gawe gelewer het nie? Of waarom word die ouderling dan toegelaat om net na instandhouding en nie ook na uitbreiding van die kerk te streef nie?

- As dit aan die ander kant sou blyk dat elke ouderling nie noodwendig die evangelis-gawe hoef te hê nie, beteken dit logies dat daar in die gemeente dinge in plek gebring sal moet word vir die aanwending van daardie gawe. Sou dit moontlik wees om 'n ouderling aan te stel met die uitsluitlike opdrag om as evangelis op te tree en net met heidene te werk en dan daaroor aan die kerkraad verslag te doen? Dit sou beteken dat die wykstelsel in die kerk aangepas word, en dat die evangelis-gawes onder toesig van die kerkraad 'n vaste funksionering kry.

## Slotsom

Oor al hierdie sake kort nog deeglike eksegese. Hoe dit ook al sy, twee sake staan vas:

Een: Die gawe van evangelis-wees is net soos enige ander gawe afkomstig van die Heilige Gees van Christus en is 'n geskenk aan die kerk. Jesus Christus vergader onder meer met inskakeling van hierdie gawe sy kerk. As daar gehoorsaam met dié gawe omgegaan word, groei die kerk. As dit onverskillig in onbruik gelaat word, word die vergaderwerk van Christus vertraag en selfs teengestaan.

Twee: Dit wil voorkom of die evangelis-gawe nie aangewend word soos dit behoort nie. God beskerm en ver-*meer*-der sy kerk. By sinodes praat ons hoekom ons ver-*min*-der. Hoekom handhaaf ons dieselfde grootte? Die "groei"-statsitiek in ons kerke noop ons om weer na die evangelis-gawe te gaan soek.

Hiervoor is dringende gebed nodig. Want dit sou growwe ondankbaarheid wees, indien dit blyk dat ons een van die Heilige Gees se gawes onderskat of begrawe het.

---

Dr JG Meijer,
Pretoria

## Op die kerkerf

# DIE GODDELIKE SKRIF

**Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, *maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek,* soos die heilige Petrus sê (2 Pet 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif. (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 3)**

Word die Skrifgesag en Skrifgeloof in ons midde aangetas en ondermyn? Prof. JM Vorster en dr CJ Smit sê: Dit word wel beweer, maar die bewys van dié aanklag ontbreek. In my reaksie hierop het ek met verwysing na my ope brief aan die kerke in 'n klassis drie feite genoem en nog drie gebeurtenisse wat na die verskyning van hierdie brief plaasgevind het. Dr Smit antwoord: Wat Meijer feite noem, is in werklikheid slegs "beweringe" of "mededelings". Na sy 'bespreking' van die ses feite in *Die Kerkblad* van 23 September 1998 op maar een bladsy, bladsy 27, vee hy my bewyse van sy tafel weg.

Kom ons toets die weerwoord van dr Smit. Dit moet. Sake is te ernstig om dit daar te laat. Die mondige lidmate wat die stem van die Goeie Herder ken en Hom volg, moet kan beoordeel of stemgeluide wat in die kerke opklink, met sy Woord ooreenstem. Elkeen word geroep om die geeste op die proef te stel en die ware eenheid, die eenheid van die Gees, deur die band van die vrede te bewaar. Ons mag nie in die kerk afwyking van die fondament, verbreking van die eenheid in Christus, verdra nie.[1]

Die eerste feit waarop ek die aandag gevestig het, is die aanhang van die 'relasionele waarheid'-beskouing. Aanstons sal verduidelik word wat hierdie vreemde woord beteken. Hierdie Bybel-beskouing wat in my ope brief met argumente afgewys is,[2] is gepropageer in twee artikels wat die redaksie van die gereformeerd teologiese tydskrif *In die Skriflig* in 1992 vir publikasie aanvaar het.

Ruim 'n jaar later volg die kritiek van ds WC Vergeer. Dit word ook deur dié redaksie vir publikasie aanvaar.

Dr Smit gee aan hierdie feit enige aandag. Hy merk op: Dit gaan in hierdie artikels 'nie in die eerste plek, soos dr Meijer beweer, om "n bepaalde Skrifbeskouing" nie, maar oor die wyse waarop 'n Skrifbeskouing as 'n bruikbare apparaat vir teologiebeoefening gevorm word'. In die volgende paragrawe wy hy gevolglik geen woord aan die Skrifbeskouing wat voorgedra is nie. Verder sê dr Smit: Meijer oorvereenvoudig die kritiek van ds Vergeer. Dr Smit verwys na die slotparagrawe van ds Vergeer se artikel, waarin hy die deur my gekritiseerde artikels as ''n waardevolle bydrae' tipeer.

Die leser sal vra: Wat is die werklikheid? Dit word in drie hoofdele hieronder uiteengesit. Onder die eerste vet gedrukte opskrif (een Bybel) volg die weergawe en die toetsing van die uitgangspunt en die inhoud van die kenteorie in die twee betrokke artikels. Die skrywer glo aan 'relasionele waarheid'. Hy betitel sy teorie as 'kritiese realisme'. Leser, skrik nie vir hierdie paar groot woorde nie. Dit word verduidelik. Onder die tweede hoofopskrif (Skrifgeloof) gaan dit oor die skrywer se kritiek op die gereformeerde teologie, met name op teoloë van Potchefstroom. Ook dié kritiek sal beoordeel word. Hoofdeel drie dra as opskrif: Bly op die fondament. Daarin word die res van dr Smit se kritiek geweeg. Die syfers in hakies verwys na die drie bogenoemde artikels wat die redaksie van *In*

[1] Sien die artikel 'Bly op die fondament' in hierdie jaar se Julie-nommer van *Waarheid en dwaling*.

[2] *U kneg hoor: ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland*. Pretoria: Printburo, 1995, p.28-30.

*die Skriflig* gepubliseer het.[3] Ek gee die standpunte van Snyman en Vergeer weer in bewoordings wat elke meelewende leser kan verstaan.

## Een Bybel

***Daar is geskrywe ...***

Snyman, die skrywer van die twee betwiste artikels, lê in sy teorie van die lees-proses die volle nadruk op die rol van die leser (263). Die leser is volgens hom 'n 'skeppende', 'n kreatiewe leser (264). Op die vraag wat die leser skép, antwoord hy: 'n Nuwe teks. Die teks van die boek bestaan dus nie onafhanklik van u, die leser, nie. Die teks is nie 'n objektiewe gegewe nie. Nee, 'die teks word in interaksie (in relasie) met die leser gekonstrueer' (357).

Wat is waarheid? Snyman antwoord: Die waarheid is nie in die boek nie. Dit is ook nie in u, die leser, nie. Dit kom in die betrekking, die relasie, tussen u en die boek tot stand. Waarheid is relasioneel, word in die betrekking tussen leesstof en leser gevorm. Snyman wys met waardering op 'n rapport oor 'relasionele waarheid' wat oorsee kerklik aanvaar is (357). Wat gebeur daar dus as 'n mens lees? Hy of sy konstrueer saam met die inhoud van 'n boek nuwe tekste en nuwe waarhede. Dit is die uitgangspunt en die kort inhoud van die teorie wat as 'kritiese realisme' bekend gestel is (365 e.a.).

Die skeppende leser ... Hierdie uitgangspunt is volgens iemand wat skriftuurlik oor kenteoretiese vrae nagedink het, ''n misvatting'. Dit is dié misvatting dat die mens wat leer ken, 'skeppend of selfs maar re-produserend' optree. Die aksies van 'onderskeidend waarneem en dink bou nie soewerein 'n nuwe dink-wêreld op nie. Ook in die wetenskap, 'n klein provinsie van die vol lewe, beklim die mens nooit die troon van die Skepper nie. Aan die mens wat leer om te onderskei, is dit nie gegee om die kenbare te omskep nie. Ewe min is dit aan hom gegee om in sy aksies van onderskei en analiseer die realiteit van die kenbare stuk te sny'.[4] Die teorie van die skeppende leser verhef die menslike verstand hoogmoedig bo die beskeie funksie wat die Skepper daaraan toegeken het.

Die lees-teorie van Snyman word nie slegs deur 'n hoogmoedige beskouing van die menslike verstand gekenmerk nie. In die uitgangspunt van die skeppende leser word bowendien op geen wyse die erns van die sondeval, van die erfsonde en die gevolge daarvan in berekening gebring nie. Ds Vergeer merk tereg op: 'Wanneer teoloë kenteoretiese vertrekpunte aanvaar waarin die mens se "natuurlike onbekwaamheid tot enige goed" prysgegee word, en die rol van wedergeboorte en die leiding van die Heilige Gees nie verdiskonteer word nie, moet hulle verwag dat daar vanuit ... gereformeerde hoek hieroor ernstige besware sal kom'. 'Teorieë, kritiek en voorstelle wat op so 'n vertrekpunt bou', sal 'met agterdog bejeeën' word (571).

Die skeppende leser ... Tot watter praktyk lei hierdie leer of teorie? Tien mense lees dieselfde boek. Elkeen van die tien 'konstrueer' (in interaksie met die inhoud, die teks) 'n nuwe boek. Die een boek met sy een boodskap is aan die einde van Snyman se lees-proses omvorm tot tien boeke met tien verskillende en selfs uiteenlopende boodskappe. Daar bly min en moontlik niks van die oorspronklike inhoud van die boek oor noudat dit tien maal opnuut 'gekonstrueer' is nie. Watter een van die tien konstruksies is reg? Moet dit nie vra nie, want niemand kan dit sê nie. Elkeen het sy eie 'waarheid'. En elkeen gun aan die nege ander hulle waarhede. Die waarheid lê selfs nie meer in die middel nie. Daar is tien waarhede. Almal word 'waar' geag.

Selfs van die tien nuwe 'waarhede' is daar nie een wat vasstaan en bly nie. Dit word mos deur ander mense opnuut 'gekonstrueer' en omgevorm?! Snyman se kenteorie laat nie toe om te sê 'Dit is die waarheid' nie. Die waarheid bestaan nie, *is* nie, maar *word*. Sy teorie is geen realiteit-, geen werklikheid-beskouing nie. Wat Snyman realisme noem, is inderwaarheid relativisme.[5] Ds Vergeer konstateer dit tereg (572).

Wie is die eerste een wat uit God se woorde nuwe tekste gekonstrueer het? Sy teenstander, die ou slang van Genesis 3. Hy gesels met die mannin oor die betekenis van God se opdrag in die paradys. Sy gesels saam, laat haar van die waarheid beroof en ... word opstandig teen haar God. Hoe anders het ons Middelaar in die versoeking nie een keer nie, maar drie maal en nie in die tuin van Eden nie, maar in die woestyn opgetree. Hy het nie oor die sataniese beroep op die Skrif geredeneer nie. Inteendeel, Hy het die duiwel wat Hom versoek, drie maal met die vasstaande waarheid gekonfronteer. Die leuenaar en vader van die leuen[6] is weerstaan en verjaag met die eenvoudige, duidelike en gesaghebbende woord van die Messias: "Daar is geskrywe..."[7] Die Goddelike Skrif, die vasstaande waarheid, het die eerste stap op die lang pad van sy Middelaars-amp bepaal en sy hele Middelaars-gang beheers.

Ons, volgelinge van die Heiland, het dieselfde Woord ontvang, nie om dit skeppend te omvorm nie, maar om daarna te luister, aandagtig te luister, en die gehoorde verbonds-woord in die krag van die Gees te glo en uit te voer.[8] Daar is geskrywe ... Ons aanvaar die Woord van God as die waarheid, as die rigsnoer van ons lewe en verwerp op grond daarvan die teorie van skeppende lesers en die kritiese realisme wat in werklikheid relativisme is. Die waarheid - heilsbesit wat ons uit genade ontvang het - is van Bo gegee om benede sorgvuldig te bewaar, sonder om enigiets daarvan te verander.

Maar, vra iemand, ontsien hierdie skeppende leser-teorie dan nie die heilige Goddelike Skrif nie? Nee, Snyman se 'skeppende leser-teorie' bepaal sy beskouing oor die ontstaan en die verstaan van die Woord. Hy verontagsaam die skriftuurlike opdrag om "elke (ook wysgerige) gedagte gevange te neem tot die gehoorsaamheid aan Christus".[9] Wat die gevolg daarvan is, sal ek hieronder uitwys.

---

3. Gerrie Snyman. Kenteoretiese wetenskapsbeoefening. *In die Skriflig* 26(2), 1992:247-266. Gerrie Snyman. Binnegevegte in die GKSA: verskuiwing van 'plausibility structures'. *In die Skriflig* 26(3), 1992:351-367. Wim Vergeer. Teologie en *kenteorie*: 'n Reaksie op die artikels van Gerrie Snyman. *In die Skriflig* 27(4), 1993:563-582.

4. JR Wiskerke. Theologie en filosofie, in sy *De strijd om de sleutel der kennis*. Groningen: Vuurbaak, 1978, p. 21. Die feit dat Snyman hierdie wetenskaplik gefundeerde kritiek uit gereformeerde kring nie in sy artikels verwerk het nie - sien die hele opstel van Wiskerke - is te betreur, net soos sy instemming met die 'relasionele waarheid'-teorie sonder om die skriftuurlik-wetenskaplike afwysing daarvan selfs maar te vermeld. Sien vir die ontleding en bestryding van 'relasionele waarheid' bv J Kamphuis. Er staat geschreven, in sy *Een uitgemaakte zaak*. Kampen: Van den Berg, 1987, p. 141-174.

5. Die relativisme van Snyman kan as Neo-Kantianisme aangemerk word. Immanuel Kant (1724-1804) het reeds die standpunt verdedig dat die werklikheid in die ken-proses vanweë vanweë die menslike aprioriese dink-vorme of kategorieë vervorm word. Alle mense ken volgens hom nog in dieselfde, algemeen geldende dink-vorme. Hy is reeds as "Allzermalmer" getipeer in die insiggewende boek van AJ de Sopper. *Wat is philosophie?* Haarlem: Erven F Bohn, 1954, p. 24vv. Snyman stem met Kant saam dat die leser sy leesstof skeppend omvorm. Dit gebeur egter nie by elke leser op dieselfde wyse nie. In sy teorie konstrueer elke leser sy eie boek. Daar bly vir hom geen waarheid wat onafhanklik van die leser bestaan, oor nie. Snyman streef hiermee na die toppunt (beter: die dieptepunt) van relativisme en van subjektivisme.

6. Joh 8:44.

7. Matt 4:4,7,10.

8. Deut 29:29; Matt 7:24-25; Op 1:3 e.a.

9. 2 Kor 10:5.

### *Die Woord is die waarheid*

Die twee Kronieke-boeke is na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap geskryf. Die outeur, gedryf deur die Heilige Gees, beskryf die geskiedenis wat in die Samuel- en Konings-boeke geopenbaar is, met die bedoeling om die teruggekeerde ballinge te vertroos en in die geloof te versterk. Hy laat met die oog op sy doelstelling sommige gebeurtenisse agterweë. Hy maak 'n keuse uit die feite wat die HERE eeue gelede in sy geskrewe Woord opgeneem het. Hy kies en selekteer.

Wat maak Snyman van hierdie keuse en seleksie? Hy beweer dat die skrywer van Kronieke 'mite-kritiek' by sy lees van die Samuel- en Konings-boeke uitgeoefen het. Mites is fabels, verhale wat nie met die feite ooreenkom nie. Staan daar fabuleuse verhale in die Samuel- en Konings-boeke? Ja, lui Snyman se antwoord. Die Kroniekskrywer het verder volgens hom nie maar 'n keuse uit die oorgelewerde verhale gemaak nie. Nee, hy het die verhale 'vervorm'. Hier bring Snyman sy teorie van die skeppende leser in die prentjie, as hy beweer: Die Kroniekskrywer het die ou verhale 'vervorm om dit vir sy eie gemeenskap meer geloofwaardig te maak' (260).

Mites in die Bybel? Het die Kroniekskrywer ou verhale vervorm? Snyman probeer met sy teorie van die skeppende leser die 'bewys' te lewer dat die Skrifkritiek so oud is as die Bybel self. Die een Bybelboek bevat volgens hom kritiek op die inhoud van ander Bybelboeke. Die outeur van Kronieke ont-mit-ologiseer die Samuel- en Konings-boeke. Snyman se teorie is 'n brute verloëning van die Goddelike Skrif. Dit ondermyn die Skrifgesag en Skrifgeloof. Dit staan haaks op Skrifwoorde soos: "Ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie".[10] Teoloë wat feitlike getuienisse in die Skrif tot mites 'vervorm', word in die Woord geskaar onder die mense wat die gesonde leer nie verdra nie. Hulle keer in hulle bestudering van die Bybel die oor van die waarheid af en wend hulle tot fabels.[11] Let wel: die Afrikaanse woord fabels is die vertaling van ... mites in die Griekse grondteks. Gelowiges lewe uit die sekerheid: 'U woord is die waarheid',[12] ook in die openbaring van feitlike gebeurtenisse in die heilsgeskiedenis.

### *Die brood van die lewe*

Die uitoefening van mite-kritiek en vervorming van ou verhale wat Snyman by die **ontstaan** van die Skrif 'konstateer', gaan op sy standpunt net so voort by die **verstaan** van die Bybel. Hy vergelyk die teks van die Bybel met vlas en koring. Teoloë en dominees wat preek, moet die vlas en koring tot klere en brood 'omvorm' (251 e.a.). In hierdie omvormings-proses 'herskryf', ja, herskryf hulle die Bybel (250). Ou sekerhede word 'vertaal' ten einde by nuwe, veranderde omstandighede aan te pas (365).

Wat het die Here aan sy gemeente gegee? Nie vlas en koring wat nog verwerk moet word nie, maar sy lewende en ewig blywende Woord.[13] Die hele kerk, alle lidmate saam, besit "die profetiese woord wat baie vas is".[14] Die hele gemeente word aangespreek met die belofte: "Naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart".[15] Snyman se vlas- en koring-teorie devalueer die nabye Woord tot 'n geskrif wat ver van die moderne mens verwyderd is. Dié teorie beroof die kerk van sy grootste geskenk, die Woord waarin die lewende Here ons almal regstreeks aanspreek. Ons kan Hom sonder die gawe van sy Woord nie ken en liefhê nie.

Aan wie vertrou Snyman sy versinsel van 'vlas en koring' toe? Aan teoloë en predikante. Elkeen van hulle 'herskryf' die Bybel op sy eie manier. Daar ontstaan soveel bybeltjies as wat daar uiteenlopende menings in die kring van teoloë bestaan. Snyman se teorie weerhou nie sy 'skeppende Bybel-lesers' en '-herskrywers' van die kwaad van Skrifverdraaiing[16] nie. Die kerkvolk? Hulle is die arm skape wat by die omvorming van koring tot brood aan die willekeur van teoloë en sodoende aan allerlei afdwaling en valse leer oorgelewer word. Ds Vergeer reageer skerp, as hy opmerk: 'Dit word onmoontlik om in 'n sekere konteks te sê: *So sê die Here*' (573).

Kerkrade en lidmate wat die vervanging van die lewende bediening van die Woord deur 'bybel-herskrywing' van teoloë en predikante vir lief neem - Hoor die woord van die HERE: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My..."[17] Ons het in die kerk van Christus geen behoefte aan praatjies van predikante nie. Wat het ons wel nodig? En waarvoor bid ons? Voorgangers wat die Woord ontsluit, wat nie allerlei herskrewe bybeltjies nie, maar "die brood van die lewe" wat "uit die hemel neerdaal",[18] vir die gemeente aanreik. Die gelowige ken en aanvaar een, een maal geskrewe Goddelike Skrif. Dit is die fondament van die kerk. Niemand kan 'n ander fondament, 'n aantal herskrewe en by die moderne mens aangepaste bybeltjies, lê nie.[19] Die HERE pas sy evangelie, sy een maal gegewe Woord, nie by die mens aan nie. Hy roep sy volk in alle lande en tye om Hom ooreenkomstig sy altyd aktuele Woord lief te hê en te dien, en sy een Bybel teen alle afdwaling getrou te bewaar.

## Skrifgeloof

Snyman hanteer sy skeppende leser-teorie as 'n kanon waarmee hy die gereformeerde teologie probeer skiet. Hy stel die visier op sommige teoloë van Potchefstroom. Die kritiek wat hy uitoefen, is fel, maar tref nie oortuig-gereformeerde teoloë nie. Waarom is dit nie oortuigend nie? Snyman en gereformeerde teoloë loop reeds in die uitgangspunte uiteen. Ds Vergeer merk tereg op: Dié twee uitgangspunte staan teenoor mekaar (567). Die feit dat Snyman die gereformeerde teologie vanuit sy skeppende leser-teorie beoordeel en veroordeel - sonder enige aanvoeling vir die waarde van die gereformeerde uitgangspunt - kompliseer konstruktiewe gesprekvoering (568). Ds Vergeer vestig in hierdie verband ten slotte die aandag op Snyman se 'verskuilde agenda'. Hy probeer 'die GKSA tot die krities realistiese manier van teologie-beoefening oorhaal' (569).

Hier kom iets by. 'n Polemiek wat aan wetenskaplike vereistes voldoen, behoort ten minste die oortuiging van die teenstander suiwer weer te gee en met gedeë argumente te bestry. Voldoen Snyman se artikels aan hierdie vereiste? Hy verwys met instemming na 'n rapport wat oorsee deur 'n sekere kerke-gemeenskap aanvaar is (356)[20] sonder om op enige wyse te kenne te gee dat hy na indringende kritiek op daardie rapport selfs maar gekyk het.[21] Uit die inhoud van Snyman se twee artikels en uit sy literatuurlyste blyk verder

10. 2 Pet 1:16.
11. 2 Tim 4:3-4; vgl. 1 Tim 1:4; 4:7.
12. Joh 17:17.
13. 1 Pet 1:23.
14. 2 Pet 1:19.
15. Rom 10:8.
16. 2 Pet 3:15-16.
17. Jes 55:2.
18. Joh 6:33vv.
19. 1 Kor 3:11.
20. *God met ons: over de aard van het Schriftgezag*. Leusden: Kerkinformatie, 1981.
21. Sien o.m. J Kamphuis. Er staat geschreven, in *Een uitgemaakte zaak: een keuze uit de artikelen ..., aangeboden bij zijn afscheid als hoogleraar ...* Kampen: Van den Berg, 1987, p. 141-174.

dat hy selfs van grondig wetenskaplike ken-teoretiese besinning in gereformeerde kring geen kennis geneem het nie.[22] Hy konfronteer hom nie eers met sy teenstander nie. Laat staan dat hy teen-argumente weeg. Dit is tog nie wetenskaplik nie?

Genoeg oor die wetenskaplike karakter van Snyman se artikels. Die inhoud van sy kritiek wys hoever sy skeppende leser-teorie en die geloof, die uitgangspunt van gereformeerde teoloë, uiteenloop ...

### *Die geïnspireerde Skrif*

Die gelowige aanvaarding van die 'selfgetuienis van die Bybel' is volgens Snyman die sentrale probleem van die gereformeerde teologie. Hy skryf: 'As die Bybel self "getuig", en daarby 'n goddelike boek is, dan is kritiese refleksie oor die Bybel en sy herkoms in alle geval oorbodig. Dit sou dalk selfs op ongehoorsaamheid neerkom, want dit wat God in die Bybel gee, word dan bevraagteken. Binne hierdie raamwerk kan die Bybel tog nie in die beskuldigdebank geplaas word nie' (259). Die Bybel is vir hom 'n menslike boek waarop kritiek uitgeoefen mag word, nie die heilige en Goddelike Skrif nie.

Hier openbaar die skrywer die diepte van sy ongeloof, sy skreiende armoede. Hoe kan hy hiervan verlos word? Nie deur wetenskaplike beredenerings nie. Wetenskaplike bewyse oor die bestaan van God en sy Goddelike Woord kan nie gelewer word nie. Die aanvaarding en die verwerping van die Skrif as die Woord van God geskied voor-wetenskaplik. Geloof en ongeloof gaan alle wetenskaplike werk vooraf. Geloof en ongeloof is uitgangspunte vir alles wat die mens doen en laat. Wie die Skrif as openbaring van onse HERE afwys, word in die Woord as natuurlike mens aangemerk. "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."[23]

As ons aan Snyman voorhou: "Die hele Skrif is deur God ingegee,"[24] die heilige mense van God het gespreek, "deur die heilige Gees gedrywe;"[25] daarom noem ons die Bybel "die heilige en Goddelike Skrif"[26] - dan sal hy, solank as wat hy sy geestelike armoede verkies, antwoord: Wetenskaplike bewys ontbreek. Dit is vir my onaanvaarbaar. Hy sien die teenstelling tussen hom en die gereformeerdes dan ook as die man wat suiwer wetenskap beoefen, teenoor die gereformeerdes wat die Skrif 'naïef-realisties' aanvaar (259 e.a.). Hy verstaan nie dat alle, ook sy eie, wetenskaplike werk deur vooroordele voorafgegaan word nie.[27] Die wesentlike geskil tussen hom en die gereformeerdes is geloof teenoor ongeloof. Altwee is uitgangspunte van ver uiteenlopende wetenskaplike arbeid.

Ons glo in God wat hom in sy geïnspireerde Skrif openbaar. Snyman sê: Dit is ons probleem dat ons die selfgetuienis van die Bybel gelowig aanvaar. Ons kan slegs antwoord: Dit is u armoede dat u die Woord nie as die Goddelike Skrif aanvaar nie. Wetenskaplike debat los hierdie geskil nie op nie. Dit kan slegs deur gebed en die hart- en lewe-vernuwende werk van die Heilige Gees geskied.

### *Heilsfeite*

Die verwerping van die Goddelike Skrif open die deur na die Skrifkritiek. Snyman verwys historiese feite wat die Bybel vertel, na die ryk van die fabels (mites). Hy verwyt die gereformeerdes dat hulle hierdie gebeurtenisse as feite in die heilsgeskiedenis bly aanvaar. Sodoende moet hulle 'n evolusie-teorie wat met Genesis 1 en 2 bots, verwerp (354). Gereformeerdes aanvaar ewe min dat die boek Jona 'n fiktiewe verhaal vertel (261).

Snyman kapituleer vir onbewese evolusie-teorieë. Hy offer die waarheid van die Skrif daarvoor op. Jona? Iemand het opgemerk: As die HERE sou geopenbaar het dat Jona die groot vis ingesluk het, sou ek dit ook glo. Vir ons almagtige God is immers niks onmoontlik nie?!

Wie aan watter feit in die openbaring van God begin torring, hou nie op nie. Die loëning van die historisiteit van die Skrif lei tot die ontkenning dat die geskiedenis van die mensheid met die skepping van die eerste mensepaar, Adam en die mannin, begin het. Dit loop uit op die verloëning van die "laaste Adam"[28] wat vir die eerste Adam en al sy gelowige nakomelinge versoening teweeggebring het.[29]

Wat vertel ons aan die volgende geslag? Ons vertel aan ons kinders wie onse God is. Hulle moet - net soos ons - Hom uit sy magtige dade leer ken, liefhê, vereer en dien. "Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE (feitlike gebeurtenisse in sy heilsgeskiedenis) en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het."[30] Ons vertel sy wonderlike skeppings- en verlossings-werke en prys Hom vir Wie niks onmoontlik is nie. En ons sing: Die God van Adam en van Jona, die Vader van ons Here Jesus Christus - hierdie God is onse God, ewig en altyd. In sy werke is Hy naby ons. Wie sy werke loën, verander die lewende, nabye God in 'n ver, vreemde, onbekende afgod. Ons geloof rus in die heilsfeite, die dade van onse God, in Hom van Wie sy Seun getuig: "My Vader werk tot nou toe".[31]

### *Die binding aan die belydenis*

Snyman se laaste verwyt aan die gereformeerdes gaan oor hulle binding aan die belydenis van die kerk. Die belydenis is vir hulle die raamwerk waarbinne gepraat mag word (360), die mure van hulle 'ghetto'. Binding aan die belydenis bring 'ghetto-teologie' voort (359-361). Snyman voel vry, nie aan enige buite-wetenskaplike raamwerk gebind nie. Sy Bybelkritiek word deurgetrek na kritiek op die inhoud van die belydenis. Verloëning van die Goddelike Skrif gaan hand aan hand met verwerping van kerklike belydenisse. Goddelike gesag word vervang deur sogenaamde wetenskaplike gesag.

Nogmaals: Snyman en ons staan in die uitgangspunte diametraal teenoor mekaar. Ek weet nie of hierdie 'teoloog' ooit belydenis van geloof afgelê het nie. Gereformeerde teoloë het dit wel gedoen, deur die Heilige Gees daartoe gelei. Wat hulle met die hart glo, bely hulle met die mond,[32] ook in hulle wetenskaplike werk. Die belydenis het vir hulle nie dieselfde gesag as die Skrif nie.[33] In hulle binding aan die belydenis getuig hulle wel blymoedig en dankbaar: Die God van die heilsgeskiedenis werk na die voltooiing van sy

---

22. Sien bv JR Wiskerke. Theologie en filosofie, in sy *De strijd om de sleutel der kennis: een bundel opstellen over theologie en filosofie*. Groningen: Vuurbaak, 1978, p. 14-34.
23. 1 Kor 2:14.
24. 2 Tim 3:16.
25. 2 Pet 1:21.
26. NGB, art. 3.
27. J Francke. *Het voordeel in de wetenschap*. Groningen: Vuurbaak, (s.a.). Hierdie publikasie is in die universiteits-biblioteek van Unisa beskikbaar. Ek het daarvan dankbaar gebruik gemaak in die voorbereiding van my akademiese proefskrif en beveel dit van harte aan. Francke toon aan dat daar geen 'neutrale' wetenskap-beoefening bestaan nie.
28. 1 Kor 15:45.
29. Rom 5:12-21.
30. Ps 78:3-4.
31. Joh 5:17.
32. NGB, art. 1; Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof; KO, art. 53-54.
33. NGB, art. 7.

Woordopenbaring verder in die kerkgeskiedenis. Hy lei sy volk in die waarheid. Hy laat sy kerk in die weg van geloofsgehoorsaamheid bly en bou op die fondament wat Hyself gelê het. In die binding aan die belydenis bly die kerk op die fondament van die betroubare Woord, die Goddelike Skrif.

## Bly op die fondament

Nou keer ons terug na die kritiek van dr Smit. Hy sê: Dit gaan in Snyman se artikels nie in die eerste plek oor 'n Skrifbeskouing nie, maar oor die beoefening van wetenskap vanuit 'n Skrifbeskouing. Wat is eerste, die Skrifbeskouing of wetenskapbeoefening? Snyman se ongeloof soos hierbo aangetoon, is die uitgangspunt. Daaruit vloei sy teorie van die skeppende leser voort.[34] Ons geskil met Snyman is fundamenteel. Dit gaan oor die Skrif, die fondament van die kerk.

Het ek die kritiek van ds Vergeer op die artikels van Snyman oorvereenvoudig? Ja, sê dr Smit. Die leser kan uit die verwysings na Ds Vergeer se kritiek in hierdie artikel self bepaal hoe fundamenteel sy kritiek werklik is. Hy vat sy kritiek saam met die woorde: 'Die paradigma (uitgangspunt) van die "nuwere hermeneutiek" is ondiensbaar' (571). Met ander woorde: Ons laat ons nie deur Snyman se artikels van die fondament van die kerk, die Goddelike Skrif, afrokkel nie.

Die derde opmerking van dr Smit gaan oor die publikasie van Snyman se artikels in die tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging. Hy sê: Meijer het klaarblyklik 'n probleem met die *feit* van hierdie publikasie. Ek het dit nie geskryf nie. Ek het my kommer uitgespreek oor 'n ander kwessie waarop dr Smit nie gereageer het nie. Hierdie kwessie sal DV in een van die volgende artikels van hierdie reeks aangespreek word.

Wat ek nie geskryf het nie, leef tog wel in my gemoed. Dit gaan nie oor die feit nie, maar oor die wyse waarop Snyman se artikels vir publikasie aanvaar is. Die redaksie van *In die Skriflig* behoort nie van sy beleid af te wyk. Hy stel die beleid bekend in sy 'verklaring' op die binnekant van die buiteblad. Menings van outeurs word nie noodwendig deur die redaksie onderskryf nie. Daar word ook ruimte gelaat vir diskussie. Die redaksie aanvaar egter nie wetenskaplike propaganda vir vrysinnigheid nie. Hy streef immers 'na die beoefening en uitbouing van die reformatoriese teologie op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse tot diens van die kerk en die koninkryk van God'.

Die lede van die redaksie is gereformeerde teoloë en lidmate van gereformeerde kerke. Hulle dienspligte bevat onder meer die opdrag om 'die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'.[35] Van hierdie opdrag word hulle nimmer vrygestel nie, ook nie as redakteurs van 'n teologiese tydskrif nie. Beteken dit dat Snyman se artikels en daarmee sy kritiek op gereformeerde teologie afgewys moes word? Nee. Dit beteken wel dat dié artikels na keuring aanvaar was met redaksionele op- of onderskrifte wat die rede(s) vir publikasie vermeld en meedeel dat kritiek hierop 'tot diens van die kerk en koninkryk van God' sal volg.

Die fondament van die kerk is nie gelê om in 'n gereformeerde teologiese tydskrif sonder enige kommentaar van die redaksie aangetas te word nie. Dit is gelê met die opdrag: Bly daarop. Bou daarop. Bewaar die Goddelike Skrif. Verdedig die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge.

[34] Sien oor die wysheid in die Skrif as uitgangspunt vir wetenskaplike werk JR Wiskerke, a.w., p. 19-20.
[35] KO, art. 18, vgl. art. 55.

---

Mediese Etiek

**Dr JM Boon**, Pretoria

# DIE MAATSKAPLIKE WERKLIKHEID EN SALOMO SE WYSHEID

*Die maatskaplike werklikheid het vandag dikwels die norm geword waarmee vraagstukke in die mediese etiek opgelos word. Dikwels is die gevolg hiervan dat die oplossing in stryd is met die wysheid van die Woord van die HERE en dat goed en kwaad van plek verwissel.*

Onlangs het daar 'n artikel in die Nederlandse pers verskyn van Prof ATh van Deursen met die titel: " De maatschappelijke werklijkheid en Salomo". Die artikel raak 'n baie belangrike beginsel aan oor hoe ons vandag na etiese vraagstukke in die geneeskunde begin kyk het, en hoe ons in feite die wysheid van Salomo omgekeer het en ons tans ver daarvan verwyder is.

Die maatskaplike probleme wat ons in die werklikheid aantref word steeds meer die norm waarvolgens mediese handelinge beoordeel en voorgeskryf word.

Sy artikel begin deur 'n situasie te skets waar 'n moeder enkele jare gelede 'n aborsie gehad het in Duitsland vir 'n vir haar ongewenste kind. In daardie tyd was die doen van aborsies op aanvraag nie in Duitsland gewettig nie. Sy het daarom tereggestaan. Haar verduideliking aan die regter was: "Ek hou so baie van my kinders dat ek nie my kind aan vreemde mense sal wil afstaan nie." Daarom wou sy 'n aborsie hê. Haar redes klink op die oog af menslik. Maar as mens mooi daaraan dink is haar rede presies soos die tweede vrou in die oordeel van Salomo. " Hy sal nie myne en ook nie joune wees nie: sny deur!" (1Kon 3:26)

In 1 Konings 3 lees ons van Salomo wat uitspraak lewer oor die vroue wat gestry het wie se seun lewendig en wie se seun dood was. Hy beveel dan om die saak op te los dat die lewendige kind in twee stukke gesny moet word en die helfte aan die een en die ander helfte aan die ander gegee moet word.

Die werklike moeder smeek dan by Salomo om tog nie haar kind dood te maak nie en die kind liewer aan die ander vrou te gee (1Kon 3:16-28).

Dan volg Salomo se uitspraak: "Gee aan hierdie vrou die lewendige kind en maak hom in geen geval dood nie: sy is die moeder" (I Kon 3:27). Hierdie uitspraak het altyd deur die eeue gegeld as besondere wysheid. Ons lees dat die hele volk gesien het dat daar goddelike wysheid in die koning se binneste was om reg te doen (I Kon 3:28). Hierdie koning het die middel gevind om te onderskei tussen ware en valse

moederliefde. Vir byna drieduisend jaar lank is hierdie wysheid vertel totdat die abortuswet dit omgekeer het.

Vandag is die ware moeder daardie moeder wat eerder haar kind laat sterf as wat sy dit sal afgee aan 'n ander vrou. In hierdie nuwe moraal het goed en kwaad van plek verwissel. Die spreekwoordelike wysheid van Salomo word nie meer aanvaar nie.

Salomo het daarvan uitgegaan dat 'n moeder eerder haarself sal skade aandoen as wat haar kind sal skade ly. Hierdie oordeel van Salomo is later deur Christus in die bergrede in meer algemene sin bevestig. "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die wet en die profete" (Matt 7:12). Hierdie woord van Christus laat geen opening vir die nuwe moraal nie.

'n Moeder wat hierdie wysheid beaam kan nie in die abortuskliniek beland nie.

Onlangs het die pous aan Duitse biskoppe beveel om geensins met die voorbereiding van 'n aborsie te doen te hê nie. Tog is daar steeds meer biskoppe in die Rooms-Katolieke kerk wat nie meer 'n probleem het om uiteindelik tog vir aborsie op aanvraag te kies nie. Dit is interessant omdat die Rooms-Katolieke kerk tot vandag die Protestantse kerke verwyt vir hul gemaklikheid met die praktyk van aborsie.

In Suid-Afrika sien ons iets soortgelyks. Al hoe meer mense wat hulself Christene noem, keur die praktyk van aborsie op aanvraag goed. Die rede wat hulle aanvoer is dan gewoonlik dat die maatskaplike probleme so 'n geweldige realiteit is, dat die paradigma-verskuiwing ook vir Christene noodsaaklik is. Ons beleef dit in klinieke, hospitale en by universiteite. Aborsie op aanvraag word so hanteer asof dit die gewoonste saak van die wêreld is.

'n Sekere Duitse biskop, Dyba, biskop van Fulda het egter in 'n onlangse onderhoud duidelik en ondubbelsinnig hom gedistansieer van die praktyk van abortus op aanvraag wat nou in Duitsland toeneem.

In 'n vraag of hy dan nie besef dat aborsie 'n maatskaplike realiteit is nie het hy geantwoord dat dit geen argument is nie. Ons kan nie aan die maatskaplike werklikheid normatiewe gesag toeken nie. Dit is geen maatstaf van goed of kwaad nie. Niemand sou dit beter moes weet as 'n Duitser wat uit sy eie geskiedenis geleer het nie. Wat was die maatskaplike werklikheid in die Derde Ryk onder die nasionaal-sosialisme, of in Oos-Duitsland onder die kommunisme? Almal weet wat die gevolg was toe Duitsland sy maatskaplike werklikheid in die eerste helfte van hierdie eeu bepalend gemaak het vir wat goed en verkeerd is.

Ook in Suid-Afrika sal ons moet oppas om die maatskaplike werklikheid tot norm te verklaar. Die maatskaplike probleem van aborsie op aanvraag mag nie ons oordeel vertroebel nie. Dit beteken nie dat ons geen oog het vir die praktyk van elke dag nie. "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen."

Ware moederliefde offer nie die lewe van die kind op vir eie geluk nie, en doen dit ook nie onder die valse voorwendsel dat haar liefde vir die kind so groot is, dat sy hom of haar nie aan ander kan gee nie. Ware moederliefde ly eerder self skade as om die kind skade te berokken .

Dit is die wysheid van Salomo. Dit moet ons steeds vandag vashou, al gooi die mens aan die einde van die tweede millennium dit oorboord. Meer as drieduisend jaar, en nog steeds is die wysheid van Salomo geldig.

Ken ons as Christene dan nie die maatskaplike werklikheid nie? Ja, ons ken dit goed, maar ons gee dit 'n ander naam. Ons praat van sonde. Vandag voel baie mense wat hulself Christene noem, te swak om die sonde van aborsie op aanvraag te bestry. Daarom word 'n ander naam vir hierdie sonde uitgedink en die sonde word aanvaar as die praktyk van elke dag.

Aborsie op aanvraag word nou die maatskaplike werklikheid genoem. As die praktyk stelselmatig ingeburger is, dan styg die status van hierdie praktyk. Dit sien ons baie duidelik in Suid-Afrika. Dit is amper ouderwets en onbarmhartig om aborsie op aanvraag as sonde te beskryf.

Die maatskaplike werklikheid word aanvaar as algemeen geldende waarde en norm. Ja, maar dan volg die volgende stap. Ook die kerk moet leer om die sonde te aanvaar onder die naam maatskaplike werklikheid. Dit kan moeisaam wees, veral omdat die kerk dikwels groot verhale oor sonde en straf aan die arme mense opgedring het. Die kerk is wat dit betref werklikwaar 'n lastigheid vir die postmoderne mens.

Dit is duidelik. Die rolle is omgekeer. Nogmaals, kwaad en goed het plek verruil. Presies soos in die tyd van die nasionaal-sosialisme in Duitsland. As die wêreld daarna terugkyk word dit as barbaars en strydig met wat goed is, bestempel. Die moontlikheid om te lewe is aan sommige ontneem.

Met die verklaring van sonde (aborsie op aanvraag) as maatskaplike werklikheid en die inburgering daarvan as geldende norm wil die postmoderne mens 'n nuwe grens lê tussen lewe en dood. Die moontlikheid om te lewe word aan sommige (ongebore kinders) ontneem.

Nee, die wysheid van Salomo geld steeds.

Dit is ook die wysheid van Christus. Hy is meer as Salomo. As jy Christen wil wees, moet jy Christus volg. " Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (Matt 25:40).

Dit is baie belangrik dat ons wat in die gesondheidsberoepe werk hierdie beginsel sal vashou. Nie net tov van aborsie nie, maar tov van talle mediese vraagstukke geld die beginsel dat die werklikheid nie die norm van goed en kwaad soos ons dit in die Woord van die Here vind, mag vervang nie.

Die gevaar is groot dat ons onder die druk van die sondige werklikheid wat dikwels in 'n baie "menslike" verpakking na ons toe kom, oortuig word van die "nuttelose" wysheid van Salomo.

Van Deursen sluit sy artikel af met die dringende vraag : "Verkies ons om in naam van die maatskaplike werklikheid te lewe in 'n land waar Salomo geen regter sou mog wees nie?"

## Redaksievergadering

**Die volgende vergadering van die redaksie saam met vakkundiges word beplan vir Saterdag 23 Oktober 1999 vanaf 09:00 tot 12:00 by die Gereformeerde Kerk Oos-Moot.**

**Alle belangstellendes is welkom om dié byeenkoms by te woon.**

**Skakel die redaksie om ons van u teenwoordigheid te verwittig.**

# GESAG IN DIE KRISIS (1)

Prof. B Holwerda

**Hiermee volg ds ALA Buys se verkorte weergawe van 'n rede wat prof. Holwerda in 1947 gehou het. Die agtergrond hiervan was die dekolonialisering van die destydse Nederlands-Indië. Prof. Holwerda stel dat 'n mens nooit norme mag aflei uit feite of gebeurtenisse nie. Ons denke oor gesag behoort in die Koningskap van Jesus Christus gefundeer te wees.**

In die internasionale kragspel - dit is die staatkundige feite van die dag - behoort die kwessie van gesag benader te word vanuit die hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Die hemelvaart is nie net 'n feit wat slegs vir die kerk geld nie. Die hele wêreld is daarby betrokke. Want wat beteken hemelvaart? Niks minder nie as dat God die gesag in hierdie wêreld gestel en gevestig het, naamlik die oppergesag van Jesus Christus. Nie net die kerk ontvang 'n koning in Christus nie, maar ook die ganse wêreld word onder Hom gestel. Hy ontvang immers 'n Naam bo alle name. Hy sit nou aan die regterhand van die Vader op die troon. Hy word tot Here en Christus gemaak. Hy word met heerlikheid en eer gekroon. Hy moet nou as Koning heers totdat alles onder sy voete gestel is. Hy is tans die Koning van die konings en die Here van die here. So spreek die Skrif onder andere oor sy hemelvaart. Met hierdie paar verwysings is dit duidelik dat God op hemelvaartsdag die oppergesag van Christus in die wêreld gevestig het.

## Alles onder een gesag

Christus het Self ook bely dat alle mag, (alle "exousia") in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. Hy het met sy opvaart in die hoogte sy volmag, sy gesagsbevoegdheid, afgekondig as onbeperk in die hemel en op die aarde. Hy het dié mag gekry, sê Paulus, sodat Hy alles aan die Vader sou onderwerp. Sodat Hy alles in almal sou wees. Daarvan is die Skrif vol. Wat daar op die Olyfberg gebeur het, in alle stilte, in die klein kring van die dissipels, sou vandag geen koerantberig haal nie. Dit het die aandag van beide Pilatus en die Sanhedrin ontgaan. Maar hoe stil en klein en sonder gerug dit ook al was, raak dit die hele wêreld.

Op daardie moment het die Menseseun op die wolke van die hemel die Oue van dae genader. Aan Hom word gegee heerskappy en eer en die koninkryk. Dit gebeur in die wêreld van die vier diere, sê die profeet Daniël. Dan word die troon van Christus in die wêreld gestel. Daarin staan reeds ander wêreldlike trone, wat almal aan Hom onderwerp word. Die maghebbers op die wêreldlike trone het daar niks van gesien en glad niks vermoed nie. Tog het dit gebeur. Dít is die effek van hemelvaart: daar word een wêreldgesag gevestig; die gesag van Jesus Christus.

Toe is Psalm 2 vervul: Ek het tog my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. God proklameer Christus tot sy Seun en bewillig al sy eise, want Hy gee Hom die heidene as sy erfdeel en die eindes van die aarde as sy besitting. Omdat op die hemelvaart Psalm 2 sy vervulling vind, daarom is dit nie meer net 'n aangeleentheid van die kerk nie.

## Politieke mag

Omdat Christus na die hemel toe opvaar, word die vraag dringerder as ooit: "Waarom woed die heidene en bedink die volkere nietigheid?" Die aanspraak van God op alle owerhede en gesagdraers is beslister en dringerder as ooit tevore: "Wees dan nou verstandig, o konings; ... Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie". Alle trone is nou vasgekoppel aan die groot troon van die Seun. Alle volmag word nou vasgestel deur Hom uit sy eie gesagsvolkomenheid. Alle politieke mag is gestel in diens van Christus en sy ryk. Want Hy is nou die Owerste van alle konings van die aarde. Hulle mag ten opsigte van Hom is alleen maar diens. Hulle gesag is alleen onderwerping aan Hom. Hulle trone is die voetbank van sy voete.

## Rewolusie

Geen enkele politieke bevoegdheid teenoor Christus kan ooit anders gekwalifiseer word as roeping, opdrag, mandaat nie. Dit is nie so dat die wêreldlike magshebbers 'n eie terrein sou hê met eie regte en aansprake en titels, naas die magsgebied van Jesus Christus nie. Hulle kan nie hulle bevoegdheid afbaken teenoor Hom, en nie hulle majesteit handhaaf en verdedig teenoor Hom nie, want elke majesteit kan hom voor Jesus Christus nie anders aanbied as dienend nie. Dienaars van God is hulle sedert die hemelvaart van Christus Jesus, aan wie die Vader alle mag verleen ook op die aarde. Elke poging wat hulle aanwend om hulle gesag van Hom af los te wikkel, en om hulle terrein af te grens teenoor sy terrein, en om doelstellings te gee aan hulle gesag los van Christus se mandaat - elke sodanige poging is reeds rewolusie teen Christus Jesus, en 'n verloëning van sy hemelvaart.

## Swaarde van Christus

Daar is 'n wêreldlike swaard, wat anders is as die geestelike swaard. Maar die wêreldlike swaard is net so goed die swaard van Jesus Christus, en staan eweneens in diens van sy ryk. Wie daardie swaard mag hanteer, is volstrek gebonde aan die bevel van Hom wat die enigste Koning van die kerk is, en nie minder Koning van alle konings is nie. Omdat die swaardmag deur Christus se hemelvaart bepaal en gekwalifiseer word, is elke gesagskrisis nie slegs 'n politieke kwessie nie, maar 'n religieuse stelling-inname teenoor die Christus aan die regterhand van die Vader.

## *Redaksionele nota*

Intekengelde is en bly saak wat voortdurende aandag verg. Indien u nog nie u gelde vir 1999 betaal het nie, word u versoek om dringend aandag daaraan te skenk.

**Ds GJ Meijer** – Wonderboompoort

***Die Junie 1999-uitgawe van In die Skriflig - tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging - bied 'n uiteenlopende verskeidenheid van insiggewende artikels. Uit enkele van die artikels word kernmomente gelig.***

## Gereformeerde Spiritualiteit

Prof. CJH Venter skryf 'n artikel onder die opskrif: "Die spiritualiteit van die bedienaar met verwysing na sy toerustingstaak". In die artikel gee prof. Venter eers 'n werksdefinisie van spiritualiteit. In aansluiting by ander outeurs beskou hy dit as *'n lewe 'coram Deo'. Hierdie omskrywing hou in dat die lewe van 'n gelowige (i.c. bedienaar) in al sy fasette 'n lewe voor die oë van God is. Uiteraard sal so 'n omskrywing verband hou met Bybelse uitdrukkings soos godsvrug, vroomheid, geloof, liefde, selfbeheersing, heiligheid en meer toepaslike begrippe wat ook in die Nuwe Testament voorkom.*

Uit die Pastorale Briewe maak prof. Venter die volgende afleidings ten opsigte van spiritualiteit:

- Spriritualiteit veronderstel 'n lewe van toewyding aan God op grond van die heilswerk van Christus.
- Die persoonlike toewyding van die bedienaar aan God moet opreg (suiwer, sonder bymotiewe) wees, in ooreenstemming met die roeping van die gemeente om haarself as een liggaam aan die Here toe te wy.
- Toewyding as 'n heilige en afgesonderde lewe wortel in die heiligheid van God.
- *Heiligheid en spiritualiteit dui nie op etiese perfeksionisme nie, maar op die beoefening van gemeenskap met die heilige God.*

Die wortel en werking van spiritualiteit? Prof. Venter antwoord: *Sowel die oorsprong as die voortgang van spiritualiteit in die lewe van die bedienaar moet dus gefundeer word in die werk van die Heilige Gees.*

Oor die verhouding van die Woordbedienaar se spiritualiteit en dié van die gemeente maak prof. Venter die volgende samevattende opmerkings:

Daar is 'n wisselwerking tussen die spiritualiteit van die bedienaar en dié van die gemeente.

Die beoefening van spiritualiteit deur die bedienaar en gemeente vind plaas deur voeding daarvan uit die Woord.

Persoonlike gebed - en gebed deur die gemeente vir die bedienaar - saam met selfondersoek, verdieping en meditasie uit die Woord, is vier kernelemente in die beoefening van en groei in die spiritualiteit van die bedienaar.

Groei in die bedienaar se spiritualiteit moet deur die gemeente gesien word.

*Gebrek aan groei in die spiritualiteit van die bedienaar werk remmend in op die toerusting van die gemeente tot geestelike groei.*

'n Sielsverrykende, opbouende artikel. Teenoor die tendens van wêreldgelykvormige *cool* predikante in *cool* gemeentes, word die erns van die Goddelike roeping en die uitlewing daarvan Skriftuurlik aangetoon.

Een vraag: waarom word dit "spiritualiteit" genoem? In die gereformeerde woordgebruik, waaronder die belydenis, praat ons van heiligmaking: 'n heilige lewe voor die heilige God, uit die krag van Christus se verlossing! Waarom 'n nuwe naam gee vir 'n reeds benoemde saak? Of hou spiritualiteit meer in as heiligmaking?

## Sending en verbond

In samewerking met A König van die Fakulteit Teologie en Godsdienswetenskap aan Unisa, skryf B Wielenga oor die waarom van sending. In antwoord op die vraag "hoekom sending?" kom die skrywers by die verbond van God uit. Enkele dele uit die artikel word (vry vertaal uit Nederlands) weergegee.

Oor die oorsprong van die verbond skryf Wielenga en König: *Die verbond gaan die skepping vooraf, in dié sin dat God geskep het met die oog op die verbond. Die verbond is die doel van die skepping. Die verbond is 'n volmaakte samelewingsverband op 'n volledig ontplooide aarde, wat totaal aan haar ingeskape potensiaal beantwoord. Die sondeval het wel 'n nuwe uitbou van die verbond veroorsaak, naamlik 'n soteriologiese, verlossende uitbou. Maar die verbond het daardeur nie van karakter verander nie, en bly as doel van die skepping gehandhaaf.*

Die verband tussen God se verbond en die sendingopdrag word soos volg verwoord: *Daar is genoeg rede om te veronderstel dat verbond en sending van meet af aan in God se Raad aan mekaar verbind is. Sending is doelgerigte beweging, verbondsmatig gestruktureer. Sending is in die Godsleer gefundeer. Die wil van God - wat met Sy Wese ooreenstem - staan borg vir die sukses van die sending. Juis omdat God 'n sendende God is, is daar sprake van openbaring. Missio (sending) het revelatio (openbaring) tot resultaat.*

Die verband tussen verbond en sending word nog verder verduidelik: *Sending is beweging, wat opkom uit God se wese, volgens sy wil. Dit is 'n beweging wat vanaf die skepping dwarsdeur die geskiedenis loop. God gebruik die hele skepping en die geskiedenis om sy gestelde doel, die voltooide verbond, te bereik. Alles en almal werk daaraan saam, bewustelik of onbewustelik. 'n Mens kan selfs sê dat sedert die verwerping van Christus deur Israel die sendinggeskiedenis in sy apokaliptiese fase gekom het. Die grootste verbondskrisis van alle tye het 'n nuwe verbondsherstellende inisiatief van God se kant te weeg gebring: die daadwerklike uittrek na die volke!*

Oor die wyse waarop sendingwerk vebondsmatig gedoen behoort te word, skryf Wielenga en König: *Die verbondsvolk is geen vormlose massa individuele gelowiges wat op basis van 'n vrywillige keuse verenig tot 'n religieuse geselskap - met die naam kerk - wat dan die sendingroeping as opdrag aanvaar en uitvoer nie. Die verbondsvolk het die amptelik georganiseerde kerk as rigtinggewende struktuursentrum, sodat die verbondsvolk vorm kan gee aan haar deelname aan die missio Dei. Hierdie deelname berus nie op 'n vrye keuse van gelowige indiwidue nie, maar behoort tot die wese van die verbondsvolk, waarsonder dit ophou om volk van God se verbond te wees.*

As slot word 'n waarskuwende sein uitgestuur: *Die kerk in haar sending mag geen Westerse vormgewing van God se wet bepleit nie, maar sal alles in die werk stel om die bybelse prinsipes agter die wet te verkondig. Sodoende kry God se wet deur sendingwerk in elke kultuur vorm en gestalte. Sending werk seënryk binne-in elke kultuur.*

In ons tyd, waar die sogenaamde "hit-and-run" metode van sendingwerk, die verwarring tusen sending en maatskaplike opheffingswerk, asook die lukraak uitstuur van sendingspanne en indiwidue wat hulle "tot die sending geroepe voel" aan die orde van die dag is, het hierdie artikel 'n duidelike boodskap. Sending is *kerk*werk. Bygesê: weldeurdagte, goed beplande kerkwerk. Die verbondsmatige onderbou van die sendingopdrag durf vir geen oomblik verontagsaam te word nie. Tegelyk word die kerke opnuut met hulle neuse op die erns van die roeping gedruk. Dit laat die volgende kritiese vrae onstaan:

- Is plaaslike kerke genoegsaam besig met die verkondiging van die evangelie aan al die volke, tale en nasies - veral in Afrika?
- Wat van die kerkverband? Laat die besluit van die Nasionale Sinode 1997 (Acta, p. 379), naamlik om geen sendingdeputate weer te benoem nie, geen groot leemte in hierdie verband nie?

## Selfstandige Skriflesing tydens die erediens

Prof. BJ de Klerk skryf onder die titel "Die Heilige Gees en die Skriflesing in die samekoms van die gemeente" oor die noodsaaklikheid en vrug van selfstandige Skriflesing tydens eredienste. Die lyn van argumentasie is in wese dieselfde as wat na vore kom in die rapport van die studiedeputate oor die hersiening van die liturgie, wat deur die Nasionale Sinode 1997 (Acta, p. 750-755) goedgekeur is.

De Klerk stel die volgende as basis-teoretiese uitgangspunt vir die Skriflesing tydens die erediens: *Die Skriflesing is die wyse waarop God na ons toe kom en sê: "Hier is Ek!" In en deur die Skriflesing kom Christus om deur sy Gees in en aan ons te werk. In die voorlesing betoon die lewende Woord sy krag, want God kom aan die woord om die gemeente te begenadig en te beoordeel. In die voorlees van die Woord is God in die samekoms aktueel, regstreeks, op die man af aan die woord, en daarom is die Skrif bestem om in die vergadering van gelowiges voorgelees te word. Die Skriflesing is die selfkommunikasie van God wat na die gemeente toe kom, en sy spreke skep die moontlikhede en geleenthede om op die dinamiek van die Woord te reageer en sodoende gemeenskap met God in sy teenwoordigheid te beoefen. Die Skriflesing maak, omdat God regstreeks praat, die ontmoeting en gesprek moontlik, en juis deur die Skriflesing behou God in die erediens die inisiatief. Die Skriflesing is primêr daarvoor bedoel dat die gemeente God self kan hoor, deur sy stem en die inhoud van sy woorde Hom kan ken en die gemeente deur die regstreekse toesegging van genade en oordeel deur die Skriflesing opgebou kan word.*

Oor die onderskeid tussen Skriflesing met die oog op die prediking enersyds en selfstandige Skriflesing andersyds, merk De Klerk op: *Die lees van die Skrif (een, twee of drie dele) as selfstandige handeling en die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en die Skriftuurlike prediking is saam die een groot diens van die Woord. ...Die diens van die Woord bestaan uit twee selfstandigde dele wat daarop ingestel is om die erediensdeelnemers die ryke verskeidenheid van die een Woord van die sprekende God te laat hoor.*

Ten slotte oorweeg De Klerk die moontlike uitwerking van selfstandige Skriflesing:

Die gemeente besef dat God lewend teenwoordig is en dat Hy in hierdie kommunikatiewe handeling red, oordeel, opbou en afbreek. Die besef van *coram Deo* bring verdieping in die spiritualiteit van die gemeente.

Die gemeente hoor God regstreeks, sonder tussenkoms van 'n eksegeet, helder en duidelik, en die feit dat meerdere dele in die amptelike vergadering aangehoor word, help dat die God van die Woord in sy volle omvang en krag in die erediens werk. Die gemeente word langs hierdie weg al meer opgevoed om selfstandig na God in sy Woord te luister, juis omdat die Woord bedoel is om gehoor te word.

Die Skrif gaan vir die gemeente oop in sy volle breedte en diepte, verskeidenheid en samehang wanneer hulle as een liggaam van Christus daarna luister. Dit is die hoogste vorm van gemeentebou.

Die feit dat meer (en dikwels minder bekende) dele gehoor word, bring 'n omvangryker kennis van God en 'n verdieping in die geloof mee.

Die worsteling van sowel die voorleser as die erediensdeelnemers om die lewende Woord van God te verstaan en te bepeins is 'n sekere aanduiding dat daar groei sal plaasvind.

Die subjektiewe keuse vir die een Skriflesing per diens word deur die selfstandigde Skriflesing in dieselfde diens tot 'n groot mate uitgeskakel.

So word sowel prediker as gemeente gedwing om 'n privaat en diwkels baie beperkte "kanon" te laat vaar en die volle kanon as maatstaf vir geloof en lewe te erken.

*Die uitwerking op die prediking is groot. Die prediker word deur die aanhoor van verskillende Skrifgedeeltes weggelei van tiplogiese, tematiese, moralistiese prediking na eksege en aktuele Skrifprediking.*

Oor die krag en noodsaak van die Skriflesing tydens die erediens en ook daarbuite bestaan daar geen twyfel nie. Tog wek die saak van *selfstandige* Skriflesing - soos deur De Klerk bepleit - vrae:

Is dit reg om 'n spanning te skep tussen Skriflesing (God word *regstreeks* gehoor), en prediking (weens die tussenkoms van die eksegeet word God *nie-regstreeks* gehoor)? Elke woord wat vanaf die kansel verkondig word, moet immers toetsbaar wees aan Gods Woord (Handelinge 17:11; Openbaring 2:2)!

Hoe kan bepaal word dat die lees van verskeie Skrifgedeeltes as sodanig werklik die "hoogste vorm van gemeentebou" is en die "spiritualiteit van die gemeente verdiep"?

Die telkens terugkerende opdrag in die Nuwe Testament is: "*verkondig* die Woord" (onder andere 1 Timoteus 4:11-13; 2 Timoteus 3:16; Titus 2:1). 'n Soortgelyke opdrag "*lees* die Woord voor!" kom nie voor nie. Laat dit 'n mens nie anders oor hierdie saak dink nie?

Die aanhoor van die gelese Woord moet volgens Romeine 10:14 gepaard gaan met prediking. Wat is die sin van blote voorlesing sonder dat by die ryke inhoud daarvan rustig stilgestaan word? Is - in ooreenstemming hiermee - die sin van huisgodsdiens nie ook juis daarin geleë dat die Woord wat *gelees* word tegelyk *bespreek* word nie (Deuteronomium 6:7)?

Wie waarborg dat die "aanhoor van verskillende Skrifgedeeltes" die prediker weglei van "tipologiese, tematiese en moralistiese prediking"? Is dit nie buitendien die kerkraad se verantwoordlikheid om wag te hou oor die preekstoel nie? En is die verkondiging van die *hele* gereformeerde leer (Artikel 68 Kerkorde) nie dié wapen teen genoemde gevare nie?

Saamgevat: die saak ten gunste van selfstandigde Skriflesing tydens die erediens is nie uitgemaak nie. Inteendeel.